

**Maandag 29 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 14:8-18**

**Fokusgedeelte: Handeling 14:15**

### **God roep tot bekering**

**P**aulus en Barnabas word tydens hulle bediening van die evangelie in Listra gekonfronteer met 'n toegewyde poging van 'n heidense skare om hulle tot gode te verklaar. Paulus doen 'n wonderwerk terwyl hy preek aan 'n man wat kreupel van sy geboorte af was en nooit kon loop nie. Paulus peil sy hart dat hy geloof het om gesond gemaak te word. Op Paulus se woord: "Staan regop, op jou voete" kom hy sonder meer orent en begin loop.

Die skare is só aangegryp deur die wonder dat hulle oortuig was dat die gode as mense na hulle toe gekom het. Die priester van die tempel van Zeus het reeds begin om offers aan die apostels voor te berei.

Die apostels was aanvanklik onbewus van wat aan die gang was. Die mense het immers Likaonies gepraat. Die oomblik toe dit tot hulle deurgedring het dat hulle in die plek van God vereer gaan word, het hulle op ondubbelsinnige wyse 'n einde daaraan gemaak. Nietige dinge in die plek van die lewende God! Dit mag tog nooit!

Paulus bring 'n goeie boodskap. Hy roep hierdie mense op om hulle te bekeer! Hulle moet hulle van die nietighede van die afgode losmaak, van hulle leë tradisie, en na die lewende God toe draai. God het Hom self bekend gemaak aan alle nasies wat hulle eie koers geloop het in tye wat verby is. Hy het gesorg met reën en goeie oeste, volop kos en vreugde. Nou roep Hy tot 'n nuwe lewe deur bekering. 'n Lewe waarin dit oor meer as net kos en klere gaan.

Hy is nog steeds dieselfde God wat sorg vir al wat lewe. Die gelowige behoort aan Hom deur Jesus Christus en leef uit sy hand. Hy roep ons om elke dag in selfondersoek terug te keer na Hom toe deur die evangelie van Jesus Christus.

Is daar nie baie sinlose dinge in die lewe nie?

*Sing: Psalm 19-1:1, 2*

*Dagstukkies Almanak 2014*